VOLKSBLAD (Noord Kaap)
10 May 2011, p.3

# Nestlé kwaad oor 'namaak' van Kit Kat

PRETORIA. – Die vervaardiger van die alombekende Kit Kat-sjokolade gaan 'n Midde-Oosterse maatskappy in die hooggeregshof in Pretoria aanvat oor dié se beweerde soortgelyke Break-sjokolade in Suid-Afrika.

Société des Produits Nestlé SA (die applikant) het gister in dié hof 'n bevel bekom teen die registrateur van handelsmerke.

Die bevel is vir die beslaglegging van International Foodstuffs Co. (Iffco) se bykans 40 Suid-Afrikaanse handelsmerkregistrasies om die hof se jurisdiksie oor Iffco bevestig te kry.

Iffco se adres is in Sharjah in die Verenigde Arabiese Emirate.

Nestlé moet binne twee maande sy hoofaansoek oor die handelsmerke teen die registrateur van handelsmerke instel.

Mnr. Kevin Corlett van Nestlé SA sê in hofstukke Nestlé is die eienaar in Suid-Afrika van handelsmerkregistrasies vir die sjokoladevorms "4 vinger-wafel" (*wafer*) en "2 vinger-wafel". Dit is ook eienaar van onder meer die handelsmerke "Have a Break . . . Have a Kit Kat" en "Take a Break". Dié handelsmerke is oor baie jare omvattend in Suid-Afrika gebruik en geniet 'n goeie reputasie.

Nestlé wil in sy hoofaansoek 'n verbod bekom teen Iffco op dié se gebruik van twee- en vier-vingersjokoladevorms. Corlett sê Iffco gebruik die handelsmerke Break, Tiffany Break en Wafer Fingers vir sy sjokolade in Suid-Afrika.

Nestlé meen dié handelsmerke is "verwarrend en/of misleidend soortgelyk" aan sy eie merke.

– **Jeanne-Marié Versluis**